SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – NOVEMBER 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.

  - Die verjaarsdagsteen vir November is Topaas en simboliseer vriendskap en lojaliteit.
  - Vgl Eks 28:17; 39:10; Eseg 28:13; Openb 21:20.
  - Verjaarsdagblom: Krisant

- **Spoedige Beterskapswense aan:**

  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, word tuis versorg.
  - Genl. Maj. Hennie Schultz, Senior Lid, beenmurgkanker.
  - Brig. Genl. Lee Le Crerar, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Brig. Genl. Johann (Vossie) Vorster, ontvang mediese sorg in 1 Mil Hospitaal.
  - Wickus van der Linde, SAIV Voorsitter, rugoperasie ondergaan.
  - Geoff Holland-Muter, SAIV Sekretaris, ontvang mediese sorg.
  - Sam Thwaites, Tuinroete Lid, ontvang mediese sorg.
  - Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in Vredenburg 'Step-down', ontvang mediese sorg.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, at Swartruggens, still dependent from COPD.
  - Peet Dreyer, Centuriontak, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.
  - Dirk Botha, Hoëveldtak, longprobleme.
  - Dawid Botha, Trans Magaliestak, ontvang mediese sorg.
  - Bertus Marx, Trans Magasliestak, in 'n ongeluk twee ribbes gebreek.
  - Karl Herwig, Hoëveldtak, middelrifoperasie, sterk tuis aan.
  - Johan Steenkamp, Hoëveldtak, ongesteld, tans gehospitaliseer.

- **Koringkorrel – 'n Bede vir 'n spoedige beterskap ook vir ons lede** – In aansluting van Ps 23 vers 3 (Hy gee my nuwe krag).

  "Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie." (Jesaja 40:31)

- **'n Mondvol**

  "Moenie 'n man help wat homself kan help nie. Jy maak hom hulpeloos vir die toekoms en jy vermors die hulp wat jy vir werklik behoeftige mens gespaar het." (Langenhoven)

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

➢ Nuusbrokkies

SAIV Jaarlikse Kerkparade Sondag 5 November 2023

- Wesrandtak het die Kerkparade reëlings en die parade hanteer by die Gereformeerde Kerk Noordrand, Weltevredenpark, Johannesburg.
- Prediker: SAIV Kapelaan Ds Gawie Coetzee met Skriflesing uit Psalm 19.

Springbok Rugbyspan

- Uit alle oorde is ons Springbok Rugbyspan lof toegeswaai vir die verowering van die Web-Ellis trofee vir die vierde keer tydens die 2023 Rugby Wêreldbeker Kampioenskap in Frankryk.
- Die Veterane-kant stem volmondig saam en is ewe trots op ons span!!
- Volgens 'n bron* staan ons Springbokke al sedert 1921 voor wedstryde en toekyk hoe die All Blacks die Haka doen.
- Volgens plaaslike legendes in Nieu-Seeland kom die Haka uit die negentiende eeu. 'n Baie harige man, Te Wharerangi, het hoofman, Te Rauparaha toegelaat om in 'n put by hom weg te kruip toe hy deur vyande agtervolg is. Te Rauparaha was so bly om te oorleef dat hy die Haka geskep en uitgevoer het.
- Dit word ook gebruik om Maori-besoekers te onthaal en te verwelkom.
- Die Afrikaanse vertaling lui soos volg:

"Klap die hande teen die dye
Stoot die bors uit
Buig die knieë
Laat die heupe volg
Stamp die voete so hard as wat jy kan
Dit is die dood! Dit is die dood! Dit is die lewe! Dit is die lewe!
Dit is die dood! Dit is die dood! Dit is die lewe! Dit is die lewe!
Dit is die harige man
Wat die son gaan haal het
En dit weer laat skyn het
Een tree opwaarts! Nog 'n tree opwaarts!
'n Opwaartse tree, nog een… die son skyn!
Hi!"

**Pharos Feiteboek, 'n Kernensiklopedie, 2007*

Protea Krieketspan

- Nou wag ons trots op ons Protea Krieketspan by die Krieket Wêreldbeker Kampioenskap in Indië.